Tyd

G. J. du Preez 072 1876 076

Tyd

Tyd het sy ontstaan ontvang die dag toe VADER deur SY Seun YAH die aarde met sy planete geskep het (*Met alles daarop*). VADER het tyd vasgestel dat orde sal heers oor YAH se skepping. Daar is dus ‘n bepaalde tyd vasgevang in daardie beperkte tydruimte vir YAH se skepping.

YAH het tyd opgedeel in spesifieke tydsgewrigte. Ons kan dit bespeur in op gedeelde woorde soos: Tydwyser; Tydverdryf; Tydperk; Tydtafel; Tydruimte; Tydkring; Tydgenoot; Tydeloos of Tydelik. Ons kan ook sien dat tyd gemeet kan word in verlede, hede en toekomende. Die aarde en sy planete bestaan in die ruimte van tyd. M.a.w. tyd word gesien as ‘n meting in spasie tussen die materiële. In YAH se tydperke lê vanaf millisekondes tot onbepaalde jare, en dan ook nog al die gebeure daarin.

‘’n Klompie terme wat gebruik word soos: op tyd; oop tyd; geskikte tyd; ‘’n oomblik van tyd; geruime tyd; eie tyd; teenwoordige tyd; hoedanige tyd; orige tyd; kort tyd; laaste tyd; geen tyd; min tyd; van tyd tot tyd; verloop van tyd; dieselfde tyd; afgelope tyd; bestaande tyd; daardie tyd; sulke tyd; ou tyd; regte tyd; teen die tyd; hierdie tyd; bepaalde tyd; in die tyd; lang tyd; geruime tyd; ‘’n tyd; watter tyd; die tyd; enige tyd en ‘n spasie in tyd.

Kom ons kyk na tyd wat reeds gemeet is

VADER wat die skepper van alles is, is woonagtig in die hemele, waar Hy YAH gegenereer het (*Ps.2:7*). VADER het tyd en spasie vir YAH geskep sodat YAH ook kon skep *(Spr. 8:27 Toe Hy (VADER) die hemele berei het, was Ek daar; toe Hy ‘n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed);* In YAH se skepping is daar ‘n begin en einde aan gekoppel. Ek glo met die opstand van Ha satan en sy volgers is een van VADER se besluite oor “tyd”. Ha satan is vasgevang in daardie tydperk van tyd (*Wat uitloop vir hom*) waarvan hy ‘n sekere tyd tussen tyd en die tydlose realm kon beweeg het. Jaloers het Ha satan geword met Adam se heerskappy en het in opstand gekom. Daarbenewens is hy neergewerp en is toe vasgevang in tyd. VADER het aan die Ha satans-mag tyd bekend gemaak deur vir hulle die hel te skep wat op hulle wag (*Matt.8:29*). VADER het ‘n tydkring daar gestel sodat tyd ‘n kringloop het (*Tog dat daarin ‘n einde sal wees*). VADER wat die tyd houer van tyd is, is alleen tydhouer en geen ander het beheer daaroor nie (*Matt. 24:36 Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net My VADER alleen).*

Soos VADER ‘n VADER is van orde, sal daar ook ‘n tydsorde wees waarvan HY dié Chronoloog van die chronologiese orde is. VADER het tyd in periodes of tydstippe daar gestel of geskep vir Sy sekere doel. Ons as mens leef onder Sy heersende omstandighede waarvan ons nie ‘n keuse het om saam te gaan met Sy tyd besluite nie. Tyd is aan die verbygaande gekoppel en daardeur is dit verganklik. Tyd lyk altyd of dit dieselfde bly (*kringloop*), maar soos ek genoem het dat dit net vir ‘n bepaalde tyd sal wees en waarvan VADER ‘n einde daaraan gaan maak. Ons is in ‘n tydstroom wat die mens altyd aan iets fisies wil koppel, soos modes, waardes, geld of ‘n tydgees. In die Skrifte kry ons 406 keer die tyd woord wat beteken dat dit baie belangrik moet wees. Alles op aarde het sy tyd soos VADER dit bepaal. Lees gerus: Pre.3:1-17; 9:11, 12; Open.1:3; 2:21; 10:6; 11:18; 12:12, 14; 22:10.

Ons as mens hou tydtafels en tyd-wysers om die tydsgewrig (*keerpunt of beslissende tyd*) te sien soos:
Een dag = 24 uur wat een volledige baan van die son om die aarde is.
Een week = 7 dae (Sodanige “Sondag” tot “Sondag”).
Een maan maand = ‘n nuwemaan tot nuwemaan rondom die aarde.
Een maand = 29 dae, 12 uur, 43 min, 12 sek (4.21 weke)
Een sonjaar = volledige sonbaan-siklus rondom die aarde (dag-en-nagewening is tot dag-en-nagewening).
Een jaar = 365 dae, 5 uur, 48 min, 46 sek (52.17 weke)
Alles hier bo is slegs ‘’n periode in ‘n spasie waarvan die skepping daarin is.

Tyd is ook ‘n gemete of meetbare periode.
Eerstens: Die heelal bestaan in die ruimte van tyd; Verlede, hede en die toekoms en dit moet as ‘n eenheid gesien word.
Tweedens: Die verlede, hede en verbygaande tyd, na die toekomende tyd, van alle dae maande en jare moet as geheel beskou word (*Met al die gebeurtenisse wat daarmee saamhang*).
Derdens: Tyd is gekoppel aan spasie (*ruimte*) en materie. VADER het ruimte vir YAH (*Die hemel)* geskep sodat tyd daar kon inpas en so ook Sy materiële (Aarde) skepping kan inpas dat verganklikheid sy kringloop kan hê.

Aan Henog is ook openbaring gegee oor die scenario van tyd in sy tweede boek, hoofstuk 25-27. In die boek van Henog staan: *Voordat die sigbare gemaak was, het Lig (VADER) verskyn; maar Ek YAH, was omring deur daardie (VADER) Lig; Ek was onsigbaar, maar tog het Lig (VADER) geskyn* (Met ‘n doel om sigbare te skep, moet daar ‘n fondament wees om die sigbare moontlik te maak).

Ek haal verder aan uit Henog: *Ek het uit die dieptes 'n onsigbare ontbied en hom sigbaar laat word. Die gebiedende se naam was Adoil, geweldig in grootte en binne in hom was die Groot Eon.* (Eon is 'n onmeetlike tydruimte binne Adoil.)
Ek het bevel gegee dat Adoil, Eon moes baar sodat Ek in Eon sigbare dinge kan laat voortspruit. Adoil het die Groot Eon gebaar waarvan Lig in hom gebore was wat die hele skepping dra. Vandaar kon Ek voortgaan met My skeppings-doel. Ek wat lig wou skep in Groot Eon, was met Lig (VADER) omhul, en deurdat lig uit Lig (VADER) gebore word, het 'n groot tydperk verskyn. In daardie tydperk het die hele skepping homself vertoon wat Ek beplan het. Ek het gesien dat dit goed was. Ek het vir Myself 'n Troon daar in Eon geplaas, maar aan Lig het ek gesê: Gaan hoër op en vestig jouself hoog bo die Troon en wees 'n fondament vir hoëre dinge, want bokant Lig (VADER) is daar niks.
*Ek het uit die dieptes 'n tweede onsigbare ontbied en hom sigbaar laat word. Die gebiedende se naam was Aroegas, hard, swaar en donker (rooi) Ek het hom beveel om af te gaan en die fondament (*Duisternis*) te wees van My skepping*. Ek stop eers hier met Henog oor die skepping en gaan nou oor tot die openbaring "van die skepping" wat Henog in sy tyd ontvang het.

((Vir die interessante wil ek iets uitwys wat tans rondom ons manifesteer. Ons praat en leef in 'n tyd van verandering, maar min besef dat dit ''n werklikheid is. Ons leef in ''n tyd waar die verlede verander word om die toekoms te beïnvloed. Dit klink vir my en jou snaaks, maar dit gebeur wel op sekere plek; Hier is ''n paar voorbeelde:
Ons almal ken tog die gedeelte uit die Skrif waar die leeu en die lam bymekaar sal lê, maar dit bestaan nie meer in ons Skrifte nie! Jes.11:6 staan *Dan <u>wei die wolf by die lam</u>, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja*. Dus lê die leeu nie meer by die lam nie, maar die wolf wei saam met die lam (Jes.65:25). Ek haal die King James Skrif aan in Luk. 17:34 *I tell you, in that night there shall <u>be two men in one bed</u>; the one shall be taken, and the other shall be left*. Wat sê dit vir jou? Impliseer dit nie dat "moffies" ook eendag na die hemel sal gaan nie? Dit is ''n verandering wat ingekom het wat daar nie was nie! Nog een is in Matt. 6:*10 Thy kingdom come. Thy will be <u>done in earth</u>, as it is in heaven*. Weereens iets wat daar nie hoort nie, want dit moet "op" die aarde wees. Matt. 9:17 *Neither do men put new wine into <u>old bottles</u>: else the <u>bottles break</u>, and the wine runneth out, <u>and the bottles perish:</u> but they put <u>new wine into new bottles</u>, and both are preserved.* Dit moet 'leer-sakke' wees. Glas bottels het nie in daardie tyd bestaan nie en indien die bottel wel bestaan het kan dit nie breek of skeur as jy ou wyn daarin sou gooi nie!

Kom ons vat iets alledaags: Die lekkergoed met die naam Kit-Kat is nou KitKat sonder die koppelteken en die koeldrank embleem Coca-Cola nou Coca′Cola. Wat interessant is, is dat die verandering in die verlede gebeur. M.a.w. die geskiedenis {*verlede*} word oorgeskryf vir die toekomstige {*vir vandag*}. Ons kan ook noem dat daar ‘’n demensie geopen word dat daar gekrap kan word in die verlede om die toekomende tyd te beïnvloed.

Ek gaan ‘’n verduideliking rondom die scenario gee dat ons as die uitverkore ‘’n troos daarin kan vind. In Switserland het hulle in 1954 die “Cern” projek begin. Baie lank het hulle gewerk om die skepping van ons VADER te verstaan. Hulle bou toe ‘n “Quantum” rekenaar. Quantum wat ‘’n Latynse woord is wat beteken bedrag of hoeveelheid. Nou die rekenaar moet met ‘n diskrete eenheid {*kleinste*} van ‘’n fisiese eienskap soos energie of materie mee kan werk. M.a.w. die beginpunt van die ontstaan van ‘’n atoom bv. Dus was hulle op soek na die fundamentele wet van die natuur. Daar is tans vier van die rekenaars op aarde {*waarvan ek gehoor het*} waarvan hulle hard aan die werk is om die ontstaan gedeeltetjie van die skepping {*god partikel*} te soek.

Nou is die vraag, maar wat soek hulle nou werklik? Die wetenskap het al so vêr gevorder dat hulle die DNA van ‘n wese kan vat en dit kloon. Hulle kloon bykans allerhande wesens op aarde tans. Daar is soveel bewyse dat daar gekloon-dè wesens is wat nie die normale proses deurgegaan het om in ‘n moederlike baarmoeder groot te word en gebore te word daarna nie. Die wetenskap se hoofdoel is om ‘n “Adamiet” te kloon. Hulle sukkel om die Adamiet te kloon / geskep en daarom die soektog na daardie gedeeltetjie van die skepping {*god partikel*}.

Die argument gaan oor wat die okkultiste kan sien in die realm wat nie vir die normale wesens sigbaar is nie. Hulle kan die aura {*uitstraling van die gees*} van die Adamiet nie verstaan nie. Dit het ’n rooi-oranje glans wat oorgaan na blou en daardie blou weer na skitter wit. Hulle kan en sal nie verstaan wat in Mal.2:15 staan nie nl.: *Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het ‘n geslag van ~~God~~ VADER gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie.*

Mense ons is in die tyd van Noag waar dit algemeen en normaal is wat ons tans aanskou. Ek praat van goëlery, toorkuns, kloon van mens en dier, moord en doodslag, die ontsettende klomp gelowe, verbastering, manne wat vroue wil wees en andersom, moffies en talle meer. Die aarde is so bevuil met die heidense gelowe dat die uitverkore werklik getel kan word deur ‘’n klein seuntjie {*Jes. 10:19*}

*Gen. 11:4 En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. :5 Toe daal ~~die HERE~~ VADER neer om die stad en die toring {*patryspoort*} te besien waaraan die mensekinders gebou het. :6 En ~~die HERE~~ VADER sê: Daar is hulle nou een volk {*eenstemmig*} en het almal een taal! (*dieselfde gedagtes*) En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie {*CERN / patryspoort*}. :7 Kom, laat Ons {*VADER en Seun*} neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie.*

Ons moet na Genesis in die Skrif kyk om beter te kan verstaan. Tans sit ons met die Quantum effek {*die sodanige 'Mandela' effek*} wat ek bo uitgewys het. As jy na Gen.11:4 kyk sien ons dieselfde ontwikkeling. Die stad bouery van Nimrod kon tog nie VADER teleurstel of kwaad maak nie, maar wel die sodanige "toring" bouery. Party sê dit was ''n piramide en ander sê nee dit was 'n gebou, maar ek sê dat dit wel 'n poort was soos hulle dit in 1954 Switserland gebou het. Nimrod en sy manne was besig om te doen wat die gevalle seuns voor die vloed van Noag gedoen het. Hulle wou ook soos die Seun (YAH) van VADER 'skep'. Hulle wou 'n toegangspoort bou om soos boodskappers te kom en gaan na die realm waar VADER en SY Koningshuis is. Hulle in Nimrod se tyd sou ook {*Soos hulle vandag in CERN*} soek na die skeppings punt {*god partikel*}. Ons moet dus besef dat ons soos in Nimrod se tyd in die tyd van besoeking is {*Matt. 24:22}*.

Met die informasie moet ons besef dat, die tyd wat daar nog beskikbaar is, ons onder die vaandel van YAHUSHA moet skuil. M.a.w. ons is in die laaste tyd op aarde voor die 1000 jaar van vrede.

Matt. 24:22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word. :23 As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die ~~Christus~~ Gesalfde! of: Daar! —moet dit nie glo nie. :24 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

Matt. 24:37 En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. :38 Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, :39 en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees)).

Nou die tyd wat aan Henog geopenbaar was waaruit lewe geskep en geskape was; Wat staan ons te doen ? Die antwoord is voor die handelend:

Mense ons moet nie bevrees wees aan wat aan die gebeure is nie, want dit moet gebeur sodat ons Koning kan kom. Ek wil sê dat die duisternis bespoedig die koms van ons Koning YAH. Gebruik die tyd wat tans ophande is as kwaliteit tyd. Spandeer dit aan jou pa, ma, vrou en kinders. Spandeer dit aan jou broer en suster. Spandeer dit aan jou naaste, die een wat lyk soos jy (*biologies*). Die tyd is verstreke my vriend en vriendin. Lees gerus Open. 21:6 En *Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.*

Bo en behalwe tyd het VADER ook iets geskep wat niks en niemand iets aan kan doen of verander nie en dit is 'n weeklikse kringloop van 7 dae. Dit het niks met die kringloop van tyd te doen nie, maar VADER het dit ingestel sodat Hy Sy skepping op elke sewende dag kan kom besoek en met hulle te wandel (*Dié, wat Hy uitverkies het*). In Gen.7:11; 8:13, 14 lees ons dat Noag presies geweet het op watter dag die Shabbat geval het. 1000 jaar daarna het VADER manna uit die hemel gegee behalwe op die Shabbat. Ex.12;16; Lev.25. kan die kalender gesien word wat deur YAH daar gestel is. Dié Gesalfde bevestig dit ook in Mark.2:27, 28; Luk.4:16 dat die Shabbat in plek is. So kan ook gesien word met Sy sterwe. Die hele mensdom op aarde het ingeval by die sewende dag siklus. Konings het gekom en gegaan en baie het probeer om die tyd en tye te verander, maar kon dit nog nooit reggekry nie. Verskillende gelowe of kultusse het ook by die 7 dag siklus ingeval. Elkeen aanbid nou maar net op sy dag (*Mohammed op Vrydag, Christendom op Sondag,* Yashar'EL *op 'n Saterdag, ens.*)

Kom ons kyk na die indeling van tyd

Jubeljaar kalender (VADER se kalender)

1 tot 49 is werk jare, die 50 st jaar is 'n Jubeljaar, Sabbatsjare of jaar van rus.

Son	Maan	Din	Woen	Donder	Vry	Sabbat	
1	2	3	4	5	6	7	Week 1
8	9	10	11	12	13	14	Week 2
15	16	17	18	19	20	21	Week 3
22	23	24	25	26	27	28	Week 4
29	30	31	32	33	34	35	Week 5
36	37	38	39	40	41	42	Week 6
43	44	45	46	47	48	49	Week 7
					Jaar lank	50	is Jubeljaar

1147.

Sesduisend jaar Kalender

-6	0	5	11	22	50	78	106	134	162
6	**5**	**6**	**11**						
190	218	246	274	302	330	358	386	414	470
498	526	554	582	610	638	666	694	722	750
778	806	834	862	890	918	946	974	1002	1030
1058	1086	1114	1142	1170	1198	1226	1254	1282	1310
1338	1366	1394	1422	1450	1478	1506	1534	1562	1590
1618	1646	1652	1657	1663	1674	1702	1730	1758	1786
	6	**5**	**6**	**11**					
1814	1842	1870	1898	1926	1954	1982	2010	2016	2021
							6	**5**	**6**
2027	2038	2066	2094	2122	2150	2178	2206	2234	2262
11									
2290	2318	2346	2374	2402	2430	2458	2486	2514	2542
2570	2598	2626	2654	2660	2665	2676	2682	2710	2738
			6	**5**	**6**	**11**			
2766	2794	2822	2850	2878	2906	2934	2962	2990	3018
3046	3074	3102	3130	3158	3186	3214	3242	3270	3298
3326	3354	3382	3410	3438	3466	3494	2522	3550	3578
3606	3634	3662	3690	3718	3746	3774	3802	3830	3858
3886	3914	3942	3970	3998	4004	4009	4015	4026	4032
				6	**5**	**6**	**11**	**6**	**5**
4038	4054	4082	4110	4138	4166	4194	4222	4250	4278
6	**11**								
4306	4334	4362	4390	4418	4446	4474	4502	4530	4558
4586	4614	4642	4670	4698	4726	4754	4782	4810	4838
4866	4894	4922	4950	4978	5006	5034	5062	5090	5118
5146	5174	5202	5230	5258	5286	5314	5342	5370	5398
5426	5454	5482	5510	5538	5566	5594	5622	5650	5678
5706	5734	5762	5790	5818	5846	5874	5902	5930	5958
5986	6014	6020	6025	6031	6042	6048	6053	6059	6070
	6	**5**	**6**	**11**	**6**	**5**	**6**	**11**	

Berekening van die wederkoms.

Die sesduisend jaar kalender is opgedeel in 28 jaar periodes (*Vanaf die skepping tot die wederkoms*). Soos ons weet is die 20 ste Maart van die Gregoriaanse kalender die 1 ste Abib van die Skrif Kalender.
As jy die twee kalenders langs-mekaar plaas sal jy optel dat daar sekere dae stereotiep is. Nou daardie stereotiepe dae kom in ‘n siklus voor van 28 dae. Daardie dae wat beide kalenders deel gee dan vir jou ‘n siklus van 6; 5; 6; en 11 jaar wat ‘n totaal van 28 jaar gee.
Soos jy kan sien het ek sekere 28 jaar siklusse op die kalender omkring om die juistheid daarvan uit te wys en hier volg die gebeurtenisse:

Op die jaar 0 was Adam geskape
Die jaar 1652 het Noag in die Ark in geklim
Die jaar 2016 het Abram tussen sy mense uitgetrek
Die jaar 2660 het Moses met die volk getrek
Die jaar 4004 was die geboorte van YAHUSHA
Die jaar 4032 was die opvaring van YAHUSHA

Al wat nou kortkom is die wederkoms.
Eers moet ons na die Skrif gaan om meer duidelikheid te kry oor die kalender, want soos ons kan sien is ons alreeds oor 6000 jaar voorspelling op aarde. In *Gen. 6:3* lees ons: *Toe sê die ~~HERE~~ VADER: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar.*
In die vers spreek VADER in Henog se tyd wat 666j vanaf die skepping was, wat toe ook die tydperk was waar die gevalle seuns op die aarde was (*Die seuns van VADER wat die daad gepleeg het om by die mens se vroue in te gaan*).

Eers moet die dekreet (*Wat uitgespreek was deur VADER*) verstaan word dat die 120 jaar van Gen.6:3 wel 120 jubeljare was. ‘n Jubeljaar is bo uitgewys dat elke 50 ste jaar ‘n jubeljaar is. M.a.w. 120 jubeljare is 6000 jaar. Al wat nou bereken moet word is: 6000j + 666j van Henog gee vir ons 6666j tot en met die wederkoms, en nie net 6000j nie. Daarom sit ons tans in 6019 (2019) vanaf die skepping.

Nou kan ons die 6000 /6666 jaar kalender weer nader trek om ‘n beter prentjie daarop te kry oor die wederkoms van ons Koning.
Op die kalender het ek uitgewys dat ek met 28 jaar siklusse mee werk, maar as jy mooi kyk sal jy sien dat jy 7 in al die jare kan indeel wat beteken dat al die gebeurtenisse op ‘n Sabbatsjaar was. Sabbatsjaar beteken om terug te gee en te rus en te laat rus . Ons kan dit ook sien as redding of ‘n uitkoms om weer te begin.

Nou die jaar 6020 (2020) kan ‘n wederkoms-jaar (Uittog-jaar) wees. Indien nie kan dit daarvandaan eskaleer na: 6048 (2048); 6076 (2076); 6104 (2104) ens. Dit kan aanhou tot en met 6664(2664) waarvan ons Koning dit duidelik gestel het dat die laaste tyd / dae wel verkort sal word in *Matt. 24:22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.*

Ek sluit met die tyd traktaat net om te noem dat tyd reeds in sy kritieke stadium is. Daar is geen tyd om te verspil nie en daarom moet ons die evangelie van die Koninkryk van VADER so gou moontlik aan ons kinders deurgee.

Bedink dit

.....

Ns.:

Gewone kalender	VADER se kalender
1 dekade = 10 jaar	1 week = 7 jaar of ‘n 7 tal
10 dekades = 100 jaar	7 weke = 49 +1 = 50 st jaar
100 jaar = 1 eeu	50 jaar = 1 jubeljaar
1000 jaar = 1 millennium	360 dae = Tyd. 12 x 30 dae
	360 dae = profetiese jaar
	365 dae = 1 Jaar.